

Markus 1:40-42; 3:10; 7:31 - 35

- 1:40 Daar kom toe 'n **melaatse man** na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: "As U wil, kan U my gesond maak."
- 41 Jesus het hom jammer gekry, sy **hand uitgesteek en hom aangeraak**. Hy sê toe vir hom: "Ek wil. Word gesond!"
- 42 Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn en hy het gesond geword.

3:10 Hy het **baie mense** gesond gemaak, sodat almal wat die **een of ander siekte** gehad het, Hom oorval het **om aan Hom te raak**.

- 7:31 Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg en deur Sidon na die See van Galilea toe in die gebied van Dekapolis.
- 32 Die mense bring toe 'n **dowe man wat ook 'n spraakgebrek** het na Hom toe en **vra Hom om tog sy hand op hom te lê**.
- 33 Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy **vingers in die man se ore gesteek** en spoeg aan sy tong gesmeer.
- 34 Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: "Effata!" Dit beteken: Gaan oop!
- 35 **Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat.**
-

1. **BESPREEK** met mekaar: wat in hierdie Skrifgedeeltes spreek u die meeste aan. En hoekom?
2. **PRAAT SAAM**: Ons sien in die Skrifgedeeltes dat Jesus siek mense fisies aanraak. **Hoekom** skram ons vandag daarvan weg om te naby aan siekes, gestremde persone, persone met seer ensovoorts te kom?
3. **VERTEL VIR MEKAAR** van 'n geleentheid in jou lewe waar iemand se aanraking/ hul teenwoordigheid/hul uitreik na jou baie beteken het en jou gehelp het/menswaardig laat voel het.
4. **WATTER MENSE** (mense met watter soort seer/siektes) is daar in ons gemeenskap in die Moot waarna ons kan uitreik/ probeer om hulle op 'n manier aan te raak?
5. **BESPREEK**: Hoe kan ons/op watter maniere kan ons iemand met seer/siekte se lewe – letterlik en figuurlik – aanraak?
(Een-tot-een, maar ook deur organisasies wat mense help, te ondersteun om hul werk beter te kan doen, bv **hoe kan ons** MootCare, Huis YANA, Huis Quanessa, ens. **help om 'n nog groter verskil** in menselewens te maak?)
6. **BID SAAM**: Vir die Krieketkarnaval 1 September
Vir die 40 dae reeks vanaf 2 September
Vir persone met doofheid/hardhorendheid (2 September is Biddag vir Dowe Persone)
Vir persone met melaatsheid (9 September is Biddag vir Persone met leprose/melaatsheid)